VOORWOORD

Die Noordelike Sinode se twee-en-twintigste sitting te Weesgerus van 16-20 Oktober 2022 was die eerste nadat die Sinode sedert 2012 wegbeweeg het van 'n verslagvergadering, na 'n familiefees waar ons saam dink oor die kerk se rol. In 2016 is hierdie strategie herbevestig en een van die uikomste is dat daar vanjaar baie minder besluite as in die verlede geneem is. Taakspanne se verslae is reeds by die Sinodale Diensraad (SDR), die gevolmagtigde liggaam wat tussen sinodesittings namens die Noordelike Sinode optree, hanteer en ook geïmplimenteer.

In 2016 het ons by die sinodesitting saam gedink oor die kerk se rol om HOOP te bring. Vanjaar was die deurlopende tema van ons nadenke: "WYSHEID IN 'N TYD SOOS HIERDIE". Vir 'n verantwoordelike besinning hieroor was dit belangrik om onsself ook deeglik bloot te stel aan stemme van buite.

Die Covid-19 pandemie het ons genoodsaak om ons ritme van 'n vierjaarlikse saamwees te rek na ses jaar. Dit het noodwendig veroorsaak dat die agenda nogal vol was. Daarmee saam was kuier, die versterking van ou bande en die smee van nuwe verbintenisse hoog op die prioriteitslys. Te midde van dit alles was die sitting een dag korter as in 2016.

Die notulespan het vir ons gehelp om 'n betroubare weergawe van die Handelinge van die Noordelike Sinode tydens die sitting van 16-20 Oktober 2022 daar te stel. Ons dank aan elke lid van die span: Daniël de Vos (sameroeper), Driaan Britz, Nicky Hattingh, Emil Haarhoff, Heinrich Stapelberg, Stanwin Street, Nadine Swanepoel, Danie J van Rensburg, Christo J van Vuuren en Bernhard van Wyk.

Die skriftelike terugvoer van afgevaardigdes oor die sitting is deurspek met woorde soos: hoopvol, positief, dankbaar, inspirerend, vervulling, opgewonde, ingelig, verrykend, vrede, pitkos, samewerking, gelukkig, gemotiveerd, trots, geniet, energie en voorreg. Dalk bevestig dit die versugting in die slotparagraaf van die Werksagenda se voorwoord: "Dalk kan dit alles help om ons vlammetjies weer helder en hoog te laat brand wanneer ons huis toe gaan, sodat ons dié deel van die Koninkryk wat God aan ons toevertrou het, nuut kan gaan bedink".

AAN GOD DIE EER!

Paul Grobler
Direkteur

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
NOORDELIKE SINODE

NOTULE

VAN
DIE TWEE-EN-TWINTIGSTE SITTING
VAN DIE NOORDELIKE SINODE
TE
WEESGERUS, MODIMOLLE (Nylstroom)

16–20 Oktober 2022

EERSTE SITTINGSDAG
SONDAG, 16 Oktober 2022

Aankoms, registrasie, nesskrop (14:00)

SESSIE 1: OPENING EN KONSTITUERING (16:30)

1. Verwelkoming
Ds. Paul Grobler, direkteur van die Noordelike Sinode, heet almal welkom by die vergadering.

2. Opening
Ooreenkomstig bep. 32.2.8 hanteer ds. Johan Haasbroek (Kadoma,Chegutu, Chinhoyi/Karoi, Ring van Midde-Afrika) die konstituering en opening. “Oudste” is geïnterpreteer as die afgevaardigde predikant wat die naaste is aan die normale aftree-ouderom van 65. Hy doen ’n gebed en lees uit Ps. 85:1-14.
Tema: ‘Wysheid in ‘n tyd soos hierdie’ met verwysing na liefde en trou, geregtigheid en vrede. Dit is ook die temas vir die oordenkings gedurende die res van die sitting.

3. Konstituering
Kragtens Kerkorde Art 3.1.2.1.1 word die vergadering deur die uittredende moderatuur gelei. Dr. Dewyk Ungerer (voorsitter), dr James Kirkpatrick (assessor) en ds. Attie Nel (aktuarius) neem hulle plekke by die moderatuurstafel op die verhoog in. Dr. Dewyk Ungerer heet sinodegangers welkom met verwysing na Spreuke 4 wat die versugting verwoord dat die sinode en kerk soos die opkomende son sal wees en ons lig helder sal laat skyn tydens die vergadering en na die tyd in gemeentes.
Die vergadering word gekonstitueer met 193 van 272 (71%) afgevaardigdes teenwoordig. Sien **bylaag 1.**
Besoekers en gaste teenwoordig word welkom geheet, onder andere dr. Gustav Claassen (Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode) en ouderling Jerry Mabusela van die plaaslike VGKSA gemeente.

4. Grafiese uitbeelding van Noordelike Sinode se logo
Ds. Paul Grobler (Direkteur) verduidelik die logo van die Noordelike Sinode aan die hand van Sanna Swart, kunstenaar van Pretoria, se beeldhouwerk wat uit die onderstaande simboliek bestaan:

- Kremetartboom: ‘n Aanduiding van die geografiese gebied waarbinne ons werk. Die kremetart is eie aan die sinodale streek en kom in die grootste deel van die Noordelike Sinode voor.
- Kruis: Identiteit van ons as kerk.
- Oop hand: Hulpverlening as deel van ons as kerk se DNA.

Die kunstenaar het ‘n eie interpretasie aan die logo gegee met ‘n deurlopende goue draad. Te midde van moeilike omstandighede is God altyd teenwoordig.

5. Kerssermonie

Sestien ronde kerse word aangesteek as teken dat ons as kerk vrug moet dra en ligdraers behoort te wees. ‘n Verteenwoordiger van elke ring kom in alfabetiese volgorde vorentoe en plaas ’n kers op die kunswerk as herinnering van die vrug wat gelowiges as ligdraers in die wêreld moet wees, wie ons is, wat ons is en waarheen ons op pad is.

Daspoort	Derdepoort	Krokodilrivier	Louis Trichardt	Midde-Afrika
Northam	Pietersburg/Polokwane	Pietpotgietersrus	Pretoria-Noord	Pretoria-Oos
Rustenburg	Sentraalmoot	Sesmylspruit	Suidoos-Pretoria	Waterberg
Wonderboom				

6. Oriëntering en groepsbou

Geleentheid word gegee aan tafellede om mekaar te leer ken. Tafelleiers lei die geleentheid.
Lede van die aanmeldingspan word bekendgestel. Sou iemand teenwoordig op een of ander manier ongemaklik voel, kan dit anoniem aangemeld word by dr. Marinda van Niekerk (Pretoria-Oos) of ds. André Botha (Naboomspruit).
Dr. Dewyk Ungerer versoek die vergadering om mekaar en die sprekers tydens die sitting te respekteer.

7. Geheelbeeld

Leraars en lidmate is nie altyd bewus van die omvang van die werksaamhede waarmee die sinode besig is nie. Soms lyk dit asof die sinodale werksaamhede in silo’s plaasvind, byvoorbeeld CMR, kinderhuise ens. Die indruk kan ontstaan dat die ondersteuning daarvan opsioneel is. Derhalwe het ds. Tiaan van Niekerk (Rietfontein-Noord), Marius O’Neil en Ernst van Wyk ‘n video vervaardig om ‘n geheelbeeld van die sinode se werksaamhede uit te beeld. Na die vertoning volg spontane applous. Gemeentes word aangemoedig om die video aan gemeentelede te versprei.

8. Groeteboodskappe

Groete boodskappe word aan die sinodegangers oorgedra deur ouderling Jerry Mabusela van die plaaslike VGKSA (Nylstroom) en dr. Gustav Claassen (Sekretaris van die Algemene Sinode).

9. Verdaging

Die sitting word verdaag en die sinodegangers beweeg na die Gemeente Nylstroom-Oos vir die erediens en nagmaal.

10. Erediens te NG Gemeente Nylstroom-Oos (19:00)

Di. Danie Ueckermann, Ewald Schmidt (plaaslike leraars) en Paul Grobler hanteer die verwelkoming en praktiese reëlings. Ds. Paul Grobler lei die gemeente in ‘n oomblik van stilte nadat die name van leraars en emeriti wat sedert die vorige sitting oorlede is, gelees is.
Dr. James Kirkpatrick (Assessor) tree as liturg op en lei die erediens.
Skriflesing: Spreuke 1:7, Job 16:15, Prediker 1:2.
Tema: Wysheid in ‘n tyd soos hierdie (inleidend).
Dr. Dewyk Ungerer bedien die nagmaal. Die tafelgenote sluit enkele jong predikante in.

11. Vingerete en gesellige verkeer.

TWEEDE SITTINGSDAG
MAANDAG 17 OKTOBER 2022

SESSIE 2: TEMA-VERKENNING (08:00–10:40)

12. Oggendwyding

Die oggendwyding word waargeneem deur dr. Kobus Myburgh (Kerkeie-opleiding, Universiteit van Pretoria). Die sinode sing ‘n paar liedere en die Skriflesing is Matteus 5:3-11.

13. Verwelkoming
Dr. Dewyk Ungerer verwelkom almal by die dag se sitting.

14. Praktiese reëlings
Ds. Paul Grobler hanteer enkele reëlings.

15. Bekendstelling van uitstallers
Ds. Paul Grobler stel die uitstallers aan die vergadering bekend.

16. Oorhandiging
Otto Diedericks en Tonie Viljoen, verteenwoordigers van die Bond van Oud-Sonoppers, oorhandig aan die Noordelike Sinode ’n afdruk van ’n Pierneef skildery – ’n uitbeelding van ’n kremetartboom, die embleem van die Noordelike Sinode. Die oorhandiging van hierdie afdruk is uit erkenning vir die kerk se rol in die totstandkoming van Sonop in 1916.
Die moderator ontvang hierdie geskenk namens die Noordelike Sinode.

17. Hoe help die Bybel ons om ‘n tyd soos hierdie te verstaan?
Dr. Fanie Cronjé (Lynnwood) lewer ‘n voordrag.

18. Sinodale Diensraad (SDR)
Die eerste deel van die verslag word deur dr. Dewyk Ungerer hanteer.

19. Dagbestuur van SDR
Dr. Dewyk Ungerer hanteer die verslag en die volgende aanbevelings word goedgekeur:

3.2 Kontinuïteit
Die Sinode besluit om in die lig van die hoë premie op kontinuïteit, afgevaardigdes wat nie vir ‘n volle termyn van vier jaar beskikbaar is nie, ernstig te versoek om hulleself nie beskikbaar te stel om as leiers (moderatuur, SDR) verkies te word nie.

3.4 Beskrywingspunte
Daar is drie beskrywingspunte ontvang. Al drie is tegnies ontvanklik. Die moderatuur besluit om soos volg aan te beveel:
3.4.1 Dat die beskrywingspunt van die Ring van Louis Trichardt tydens die vergadering hanteer word;
3.4.2 Dat die beskrywingspunte van die Gemeente Pretoria asook die van dr Willem Pretorius (snr) na die nuwe SDR verwys word vir verdere hantering.

4. Ontwerpspan
Die moderatuur tree as ontwerpspan op vir die sinodesitting. Daar sal in die werksagenda by die sitting verslag gedoen word.

20. Aankondigings
Ds. Paul tref enkele reëlings.
Die Taakspan Regte reël o.a. ’n wegbreeksessie vir Dinsdagaand om die taakspan se verslag in diepte te bespreek.

21. Ete
Die tafelgebed word gedoen deur dr. Moses Zulu, predikant van Lusaka.

SESSIE 3: TEMA-VERKENNING (11:30–13:20)

22. Verwelkoming
Dr. Bernice Serfontein (Waterkloof) stel prof. Thuli Madonsela, hoofspreker, aan die woord.

23. Aanbieding

Prof. Madonsela spreek die vergadering virtueel toe. Sy bedank die sinode vir die geleentheid om deel te kan wees van die vergadering. Sy beklemtoon o.a. dat ons leiers moet wees wat verandering bring en ander oplei om dit in die toekoms te doen.

24. Vrae en antwoorde

Daar word geleentheid gegee vir tafelgesprekke en daarna is daar ruim geleentheid vir vrae aan prof. Madonsela.

25. Bedanking

Dr. Marinda van Niekerk (Pretoria–Oos) bedank prof. Madonsela namens die vergadering.

26. Verdere reëlings

Ds. Paul Grobler tref enkele reëlings en dr. Dewyk Ungerer verwelkom prof. Sias Meyer (Universiteit van Pretoria), dr. Andre Bartlett (Excelsus) en prof. Jannie Rossouw (Spreker) wat intussen by die vergadering aangesluit het.

27. Koffie

SESSIE 4: TEOLOGIESE VORMING (13:40–15:40)

28. Paneel I

Hoe help VBO (Voortgesette Bedieningsontwikkeling) ons met “wysheid in ‘n tyd soos hierdie?”

Ds. Lizl-Louise Schoeman (ondervoorsitter van die kuratorium van UP) lei ‘n gesprek met dr. Andre Bartlett (Excelsus, UP).

29. Tafelgesprekke en vrae

Daar word geleentheid gegee vir tafelgesprekke en vrae.

Dr. Dewyk Ungerer bedank Excelsus vir die werk wat hulle doen.

Ds. Theuns Botha, vroeër van Bulawayo, word in die vergadering verwelkom.

30. SDR-Verslag (vervolg)

Vrae oor finansies staan oor.

31. SDR-Verslag (vervolg)

Die werk van die taakspanne van die afgelope ses jaar is volledig deur die SDR hanteer en word aan die sitting voorgelê vir verdere gesprek en kennisname.

Taakspan Jeug: Kennis geneem.

Taakspan Leierskapsontwikkeling: Kennis geneem.

Taakspan Missionaliteit: Kennis geneem.

Taakspan Begroting: Kennis geneem.

Taakspan Beleggings: Kennis geneem.

Taakspan Brugbediening: Kennis geneem.

Taakspan Induksie: Kennis geneem.

Taakspan Kerkordelike advies: Word later in die vergadering hanteer.

Taakspan Leraarsontwikkeling: Kennis geneem.

Taakspan Mentoraat: Kennis geneem.

Taakspan Ringsontwikkeling: Kennis geneem.

Taakspan Klein gemeentes: Kennis geneem.

Taakspan Preekopleiding van ouderlinge: Kennis geneem.

Taakspan Kerkorde: Word later in die vergadering hanteer

Taakspan Kerkordelike ondersoeke: Word later in die veradering hanteer.
Taakspan Sinodale bydraes: Kennis geneem.
Taakspan Bedieningsondersteuning 1: Kennis geneem.
Taakspan Bedieningsondersteuning 2: Kennis geneem.
Taakspan Ekonomie: Kennis geneem.
Taakspan Gesprek oor Gender: Kennis geneem.
Die vergadering bevestig die volgende aanbeveling in die verslag:

4. Ons beveel aan dat daar weer ’n taakspan vir Gender vir die Noordelike Sinode aangewys word met die opdrag om die uitvoering van die opdragte wat deur Covid-19 gekelder is te voltooi.
GOEDGEKEUR

Taakspan Imagine: Kennis geneem.
Taakspan Kerkwees op weg met Covid-19: Word later in die vergadering hanteer.
Taakspan Ondersoek na die toekoms van die SGV-gesprek: Kennis geneem.

Die Luisterspan rapporteer dat daar vrae in die vergadering is oor die verslagdoening van taakspanne. Die moderatuur sal in oorleg met die Luisterspan daaraan aandag gee.

32. SDR VERSLAG (vervolg)

7.1 Die Noordelike Sinode keur die optrede van die SDR en dagbestuur, rakende die strategie, die funksionering van taakspanne en die finansies van die Noordelike Sinode goed.
GOEDGEKEUR.
7.2 Die Sinode verbind hom opnuut aan die visie, kernwaardes en werkswyse soos hierbo uiteengesit.
GOEDGEKEUR.
7.3 Die Sinode spreek sy hoogste waardering uit teenoor alle predikante, kerkraadslede, lidmate, asook nie-lidmate, wat op een of ander manier ‘n bydrae gelewer het om die werksaamhede van die Noordelike Sinode in die afgelope termyn vlot te laat verloop.
GOEDGEKEUR.

SESSIE 5: TEMA-VERKENNING (16:00–17:45)

Wysheid in ’n tyd soos hierdie: Hoe lyk die politieke landskap?
Dr. Roland Henwood

33. Bekendstelling van spreker
Ds. Jan Pretorius (Louis Trichardt) stel dr. Roland Henwood (Universiteit van Pretoria) bekend. Dr Henwood spreek die vergadering toe oor die politieke landskap. Daar word tyd gegee vir tafelgesprekke en vrae.

34. Bedanking
Dr. Arno Meiring (Universiteitsoord) bedank dr. Roland Henwood vir die insiggewende voordrag.

35. Praktiese reëlings
Ds. Paul Grobler tref enkele praktiese reëlings.

36. Dagsluiting: Refleksie op dag 1
Prof. Sias Meyer (Universiteit van Pretoria) lei die dagsluiting uit Deut. 18:15-19 en Deut. 34:7-12.

37. Aandete
Die vergadering verdaag vir ‘n aand van lekker eet en kuier.

VERLOF
Enslin HA, Limpopo, Sessie 3, 4, 5
Kirchner JP, Hulp en Hoop, Sessie 4
Strydom SJ, Dalunie, Sessie 4

DERDE SITTINGSDAG
DINSDAG 18 OKTOBER 2022

SESSIE 6 (08:00–10:40)

38. Oggendwyding: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie"
Ds. Lizl-Louise Schoeman (Monumentpark) lei die oggendwyding oor die tema: Wat is waarheid? Die vergadering sing enkele liedere en die Skriflesing is uit Johannes 18:33-38a.

39. Verwelkoming
Dr. Dewyk Ungerer (voorsitter) verwelkom almal en spreek 'n woord van dank teenoor die oord uit.
Leed: Oudl. Frik Grobler (Pretoria-Oos) se broer is oorlede. Dit is ook Sandra Grobler (Sinodehuis) se swaer.

40. Praktiese reëlings
Ds. Paul Grobler tref 'n paar praktiese reëlings.

41. Ordemosie

Die sinode besluit om gespreksruimte op die agenda te skep vir 'n bespreking oor:
1. Die werkswyse van die sinode.
2. Die Algemene Sinode se besluit oor SGV verbintenisse en sy eie interpretasie van sy besluit.

Voorsteller: PJ Kriel
Sekondant SSB Hoffman
Die mosie word, na verduideliking deur dr. Dewyk Ungerer, nie gestel nie.

42. Ons storie
Dr. Andrew Kok (argivaris by die NG Kerk se argief in Stellenbosch) lei die gesprek. Die aanbieding word deur middel van 'n video uitgebrei. Dr Kok woon die hele sinodesitting by en sinodegangers word aangemoedig om die gesprek informeel voort te sit. Sinodegangers word uitgenooi om by die argief te gaan kuier.

43. Wat is `n ordemosie?
Ds. Attie Nel (aktuarius) verduidelik aan die vergadering hoe 'n ordemosie werk.
'n Mosie van orde is 'n voorstel wat betrekking het op:
- die volgorde waarin sake ter tafel moet kom; of
- die opskorting van die bespreking van 'n bepaalde saak; of
- die verwysing van 'n bepaalde saak; of
- die afstap van 'n bepaalde saak.
- 'n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die vergadering ingedien word. Daar word dadelik sonder bespreking oor die ordemosie gestem. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat om die mosie terug te hou as die voorsitter van mening is dat dit aangewend word om 'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

44. Struktuur van die Noordelike Sinode
Ds. Paul Grobler verduidelik die werkwyse van die sinode, met spesfieke verwysing na die SDR, moderatuur en taakspanne.

45. Skrifgesag en -interpretasie

Dr. Fanie Cronjé (Lynwood) reflekteer oor sy aanbieding van die vorige dag: Hoe help die Bybel ons om ‘n tyd soos hierdie te verstaan? Daar word geleentheid gegee vir tafelgesprekke en vrae.

46. SA Gemeente Londen
Die sinode voer gesprek met ds. Riaan Steyn (SA Gemeente) via video-oproep.

47. Praktiese reëlings
Ds. Paul Grobler tref ‘n paar praktiese reëlings.
Tafelgebed: Ds. Brits Janse van Rensburg (Harare).

48. Ete

SESSIE 7: TEMA-VERKENNING (11:30–13:10)

49. Spreker - Hoe lyk die ekonomiese landskap?
Ds. Fouché de Wet (Pretoria-Oos) stel prof. Jannie Rossouw (emeritus-professor van die Universiteit van die Witwatersrand se Besigheidskool) aan die woord.

50. Vrae en antwoorde
Geleentheid word gegee vir tafelgesprekke en vrae.

51. Bedanking
Ds. Louis Pretorius (Naboomspruit) bedank prof. Rossouw vir sy bydrae en deelname aan die Sinode. Op sy beurt spreek prof. Rossouw sy waardering uit vir die geleentheid om die sinode toe te spreek.

SESSIE 8: DIE ROL VAN KERKVERBAND IN ‘N TYD SOOS HIERDIE (13:30–15:40)

52. Spreker
Dr. James Kirkpatrick (Stellastraat) lei die gesprek.

53. Bedieningsfonds

AANBEVELING 1

Die SDR gee opdrag aan die moderatuur om in oorleg met die relevante taakspanne aandag te gee aan die opbou van die bedieningsondersteuningfonds tot ’n fonds wat kan help dat die bediening in gemeentes volhoubaar voortgesit kan word. Aandag moet ook gegee word aan bedienings-ondersteuning aan gemeentes wat meer behels as net finansiële ondersteuning.

GOEDGEKEUR

AANBEVELING 2

Verdere besinning oor wat met “voldoende bediening in alle gemeentes” bedoel word, is nodig. Dit beteken dat ons 'n gesprek oor ons bedieningsmodel en bedieningscenario's moet voer om langs 'n bedieningsfonds te funksioneer.

GOEDGEKEUR

54. Tafelgesprekke
Twee vrae word gestel:
Op ‘n skaal van 1 tot 10, wat is die toestand van die kerk?
Hoe voel julle oor die gedagte dat elke gemeente jaarliks drie tot ses persent uit hulle surplus vir die bedieningsfonds gee?

55. Verslag van die moderatuur (vervolg)

3.1 Kerkverband en volhoubare gemeentebediening.

3.1.1 Voorstel: In die lig van toenemende bedieningsnood van gemeentes kom ons met mekaar ooreen dat gemeentes wat ‘n surplus het volgens hulle geouditeerde state, tussen drie en ses persent daarvan aan die bedieningsfonds gee.

AMENDAMENT:
3.1.1 In die lig van toenemende bedieningsnood van gemeentes kom ons met mekaar ooreen dat gemeentes wat ‘n surplus het volgens hulle geouditeerde state 'n persentasie daarvan aan die bedieningsfonds gee.
GOEDGEKEUR
3.1.2 Die persentasie wat elke gemeente gee word vir verdere besinning na die SDR verwys. GOEDGEKEUR

56. Verversings

SESSIE 9 (16:00–17:45)

57. Paneel II: Hoe help Kerkeie Opleiding (KEO) om voornemende predikante voor te berei vir ‘n tyd soos hierdie?

Ds. Lizl-Louise Schoeman (ondervoorsitter van die Kuratorium) en dr. Kobus Myburgh (KEO, Universiteit van Pretoria) voer ‘n insiggewende gesprek oor die doel van KEO as die ontwikkeling van bedieningskapasiteite vir ‘n tyd soos hierdie. Dr. Myburgh toon aan dat KEO ontwikkel het na aanleiding van dramatiese veranderinge by die Teologiese Fakulteit sedert 2000 toe die Teologiese Fakulteit begin groei het tot ‘n ekumeniese fakulteit. In dié tyd het dosente en departemente ook verminder.
Na afloop van die paneelgesprek stel dr. Myburgh teologiese studente wat teenwoordig is, aan die vergadering voor. Prof. Danie Veldsman (Universiteit van Pretoria) wat intussen by die vergadering aangesluit het, word deur dr. Dewyk Ungerer verwelkom.

58. Insigte uit die Algemene Sinode Taakspan Navorsing (ATN)

Dr. Cobus van Wyngaard (ATN) doen verslag oor navorsingsresultate, onder andere oor hoe die kerk op nasionale gebeure en rampe reageer. Genoemde navorsing is onderneem by wyse van die gereelde predikantepaneel, Kerkspieël, National Church Life Survey, en *ad hoc* kwalitatiewe navorsing.

59. Beskrywingspunt: Dr. Willem Pretorius (snr.)

Die voorsitter onderbreek die vergadering om die beskrywingspunt van dr. Willem Pretorius (Kameeldrift) te hanteer aangesien hy dringend moet vertrek.
Die Taakspan Regte oordeel dat die beskrywingspunt ontvanklik is.
Dr. Ungerer stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word na die SDR verwys vir verdere hantering.

60. Kerkwees op weg met Covid-19

Ds. Fay van Eeden (Stellastraat) begin die aanbieding met ‘n video genaamd Sinode-Covid.

61. Tafelgesprekke

62. Praktiese reëlings

Ds. Paul Grobler hanteer enkele aankondigings en reëlings.

63. Verversings

SESSIE 9: COVID-19 (16:10–18:00)

64. Kerkwees op weg met COVID-19 (vervolg)
Ds. Fay van Eeden (Stellastraat) sluit die die gesprek af en stel die spreker aan die woord.

65. Prof. Pierre Joubert: Lang Covid en die neurologiese/psigiese gevolge met spesifieke verwysing na predikante
Prof. Joubert, psigiater by Weskoppies hospitaal, hanteer die tema.
Dr. Frikkie du Plooy (Florauna) bedank prof. Joubert vir sy aanbieding en werk gedurende die pandemie.

66. Notule

Die notule van die eerste sittingsdag (Sondag 16 Oktober 2022) word deur die voorsitter aan die orde gestel. GOEDGEKEUR.

67. Praktiese reëlings
Ds. Paul Grobler tref enkele praktiese reëlings, onder andere die gesprek met die Taakspan Regte en die skriba-opleiding deur die Argief.
Dr. Marinda van Niekerk van die aanmeldingspan wys die vergadering op die gebruik van gender-neutrale taalgebruik in die notule.

68. Dagsluiting
Prof. Henk Potgieter (Waterberg) lei die dagsluiting uit 1 Konings 19:8-10.

VERLOF
Anderson L, Pietersburg, volle dag
Bezuidenhout JM, Pietersburg Noord, Sessie 8 en 9
Enslin HA, Limpopo, volle dag
Hanekom F, Krokodilrivier, Sessie 8
Horn HM, Pietersburg, volle dag
Oosthuyzen T, Marikana, Sessie 8
Strydom SJ, Dalunie, Sessie 8

VIERDE SITTINGSDAG
WOENSDAG, 19 OKTOBER 2022

SESSIE 10 (08:00–11:10)

69. Oggendwyding: “Wysheid in ‘n tyd soos hierdie”
Dr. Retha Kruidenier (Mootvallei) lei die oggendwyding en lees uit Miga 6:1-8. Tema: *Liefde en deernis.*

70. Vermeldings
Mnr. Theo Smith (Predikante- en Amptenare Pensioenfonds) word as besoeker verwelkom.
Oudl. Vic Geldenhuys (Florauna) verjaar.

71. SDR-lede
SDR-verteenwoordigers is vooraf deur die ringe genomineer. Die lys sal gekontroleer word en die verkiesing van die SDR-lede sal later in die vergadering plaasvind.

72. Reëlings
Donderdag se sitting begin vroeër as geskeduleer om betyds te kan klaar maak. Die reëlings met betrekking tot die beskikbaarheid van voordragte en aanbideings op "YouTube" word verduidelik.

73. Teologiese Opleiding: Paneel III

Ds. Lizl-Louise Schoeman (ondervoorsitter van die kuratorium) lei die gesprek oor die akademiese deel van teologiese opleiding. Die volgende persone neem deel aan die bespreking: Prof. Danie Veldsman (voorsitter van die Dosenteraad), prof. Sias Meyer (dosent), dr. Bernice Serfontein (deeltydse dosent), dr. Fanie Cronjé (kuratoriumlid), dr. James Kirkpatrick (kuratoriumlid), dr. Thinus Benadé (kuratoriumlid), ds. Hannes Peens (kuratoriumlid) en ds. Hennie Kotzé (kuratoriumlid).

74. Bespreking
Geleentheid word gegee vir vrae en opmerkings.
Dr. Flip du Toit (Top Trust) gee meer inligting oor die opleidingsfonds.

75. Mosie 1

Ons, as Noordelike Sinode, spreek opnuut ons dank uit vir die werk wat aan die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria gedoen word – nie net met die vorming van nuwe predikante nie, maar ook vir die voortdurende bydrae wat die fakulteit lewer, vanuit 'n akademies-wetenskaplike agtergrond, in die gesprek van die NG Kerk met die wêreld.

Ons, as Noordelike Sinode, verbind ons weer daartoe om die opleiding (en opleiers) by die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria te ondersteun en ons waardeer die deurlopende betrokkendheid, 'n ware venootskap, wat ons met die fakulteit kan hê.

Voorsteller: D. Rotteveel
Sekondant: C Ackermann
GOEDGEKEUR

76. Algemene Taakspan Predikante Sake (ATP)
Dr. James Kirkpatrick (Stellastraat) neem waar as voorsitter van die vergadering terwyl dr. Dewyk Ungerer (bestuurder: ATP) die ATP se verslag lewer.

77. Pensioenfonds
Mnr. Theo Smith (Pensioenfonds) lewer 'n kort verslag.

78. Mediese fonds: BestMed
Ds. Paul Grobler stel me. Elmarie Jooste aan die woord.

79. Mediese fonds: Alexander Fobes Konsultante
Ds Paul Grobler stel mnr. NT Snyman aan die woord.

80. Ete
Ds. Petro Jonker (Rietfontein-Suid) doen die tafelgebed.

SESSIE 11: MISSIONALE ROEPING (12:00–14:00)

81. Missionale Diakonaat
Dr. Botha van Aarde (Uitvoerende Hoof: SKDBM) en dr. Ronel Aylward (Algemene Bestuurder: CMRN) lewer ’n kort bydrae oor die organisasies se kritiese rol in die Noordelike Sinode se missionale diakonaat.
Ds. Danie Janse van Rensburg (Voorsitter: CMRN) stel CMRN aan die vergadering bekend en verskaf inligting rondom die stand van die regsproses waarin CMRN tans verkeer. Die bydrae word afgesluit met 'n treffende video oor kinderverwaarlosing wat die wese van die CMRN se werk weerspieël.

Dr Dewyk Ungerer simpatiseer met dr. Aylward met die onlangse afsterwe van haar eggenoot.

Die SKDB Maatskappy (SKDBM) is ‘n koördinerende liggaam en funksioneer as die hoofkantoor van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se diensorganisasies vir professionele diakonale dienste in die Noordelike Sinode. Die Maatskappy is geregistreer as ’n Maatskappy sonder Winsoogmerk in terme van die Maatskappyewet (Wet 71/2008) en as ’n Nie-Winsgewende Organisasie by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling. Die SKDBM verteenwoordig die geformaliseerde maatskaplike dienste wat histories uit die NG Kerk se diakonale bediening ontwikkel het.

82. Missionale Kerkwees
Ds. Hannes Bezuidenhout (voorsitter van die taakspan) onderstreep die waardes van missionale kerkwees en stel mnr. Barend le Grange (Privilige Foundation) aan die woord.

83. Verkiesing: Moderatuur
Ds. Attie Nel (Aktuarius) verduidelik aan die vergadering wat die verkiesingsproses van die moderator, assessor en twee addisionele lede behels. Nominasies vir moderator word gevra.

84. Paneelbespreking
Paneellede: Mnr. Barend la Grange, ds. Hannes Bezuidenhout (gespreksleier), dr. Lizette van Rooyen (Magalieskruin), di. Willem Pretorius jnr. (Rustenburg-Proteapark), Francois Esterhuizen (Raslouw), Hannes Peens (Marken) en oudl. Andries Smal (Louis Trichardt).
Ds. Peens bedank mnr. la Grange.

85. Koffie

SESSIE 12: MISSIONALE ROEPING (vervolg) (14:20–16:30)

86. Verkiesing: Moderatuur (vervolg)
Die volgende persone (alfabeties) is genomineer as moderator:
Dr. Fanie Cronjé (Lynnwood).
Ds. Lizl-Louise Schoeman (Monumentpark).
Dr. Dewyk Ungerer (Raslouw).

87. Armoedeverligting
Me. Maryke Venter (taakspanleier) stel prof. Jurie Jansen van Vuuren (Universiteit van Pretoria) aan die woord. Prof. van Vuuren spreek die Sinode toe oor entrepeneurskap.
Ds. Paul Grobler bedank me. Venter en prof. van Vuuren vir hulle bydrae en moedig gemeentes aan om betrokke te raak.

88. SDR-Verslag (vervolg)

6.3.3 Verdere Taakspanne
Taakspan Vroeë Kinderontwikkeling
Dr. Lizette van Rooyen (taakspanleier) lig die vergadering toe aangaande enkele sake uit die verslag. Sy versoek dat daar weer ‘n taakspan aangewys sal word.
Taakspan Kerkorde: Ds. Attie Nel (Staan oor tot later in die vergadering).
Taakspan Kerkordelike ondersoeke: Ds. Attie Nel (Staan oor tot later in die vergadering).
Taakspan Bedieningsondersteuning 1: Direkteur.
Taakspan Bedieningsondersteuning 2 (Kerkverband en volhoubare gemeentebediening): Dr. James Kirkpatrick.
Taakspan Ondersoek na die toekoms van die SGV-gesprek: Dr. Fanie Cronjé
6.3.4.1 Betrokkenheid – kennis geneem.
6.3.4.2 Finansies - Staan oor tot later in die vergadering.
8. Covid-19: Afgehandel.
9. Teologiese Vorming: Afgehandel.
10. Dolering: Kennis geneem.
11. Bedieningsfonds: Afgehandel.
12. Predikantesake: Afgehandel.
13. Dienserkenning: Kennis geneem.
14. Sinodale Verteenwoordiging: Kennis geneem.
15. Ringe: Eenwording: Kennis geneem.
16. Personeelsake: Kennis geneem.
17. CMR Noord: Afgehandel.
18. SKDB Maatskappy (SKDBM): Afgehandel.
19. Studentebediening: Staan oor tot later in die vergadering.
20. Kampterreine: Kennis geneem.

21. Kerkordelike Sake: Staan oor tot later in die vergadring.
22. Sinodehuis: Kennis geneem.

89. Verkiesing: Moderatuur (vervolg)
Tweede rondte stemming: moderator.
Die vergadering moet stem tussen die volgende twee persone:
Ds. Lizl-Louise Schoeman (Monumentpark).
Dr. Dewyk Ungerer (Raslouw).

90. Beskrywingspunte (vervolg)
90.1. Pretoria: Amptelike tale van die Noordelike Sinode
Dr. Cobus van Wyngaard (Pretoria) stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word verwys na die SDR vir verdere hantering.

90.2 Die Ring van Louis Trichardt
Ds. Petrus Kriel (Levubu) stel die beskrywingspunt.
Bespreking vind plaas.

Die sinode verwerp die beskrywingspunt.

91. Mosie 2

Voorsteller: AS Nel
Sekondant: N Swanepoel
Daar word puntsgewys gestem.

1. Die sinode neem kennis dat die Algemene Taakspan Regte die besluit van die Algemene Sinode 2019 rakende selfdegeslagverhoudings as 'n proses sien.
GOEDGEKEUR

2. Die sinode erken dat die uitvoering van die besluit van die Algemene Sinode sekere praktiese uitdagings bied en gee erkenning aan gemeentes en predikante wat hard werk om hierdie uitdagings die hoof te bied.
GOEDGEKEUR

3. Die sinode verbind haarself om saam met individue en gemeentes na maniere te soek om mekaar te bly vashou.
GOEDGEKEUR

4. Die sinode betreur die feit dat daar weer eens oor mense gepraat word en nie met hulle nie.
GOEDGEKEUR

92. Verkiesing: Moderatuur (vervolg)
Ds. Attie Nel kondig aan dat dr. Dewyk Ungerer as moderator herkies is.
Ds. Attie Nel versoek nominasies vir die verkiesing van die assessor.

93. Verversings

SESSIE 13: TEMA-VERKENNING (16:50–18:15)

94. Paneel Jongmense: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie"
Ds. Jana de Lange (voorheen van Universiteitsoord) lei die gesprek oor wysheid in 'n tyd soos hierdie vanuit die perspektief van jong volwassenes wat leraars en ander professionele beroepsgroepe insluit.
Paneellede: Clarindi Eloff (mediese dokter), Tebogo Mphelo (ingenieur), Dewald Roux (Gemeente Vorentoe), Charlotte Sibanyoni (Gemeente Universiteitsoord) en Ernst van Wyk (Gemeente Lynnwood).

95. Verkiesing: Moderatuur (vervolg)
Ds. Attie Nel (aktuarius) verduidelik die prosedure met betrekking tot die verkiesing van die assessor.
Sinodegangers word versoek om te stem tussen die volgende genomineerdes:
Ds. Lizl-Louise Schoeman (Monumentpark)
Dr. Nelius Steyn (Wonderboom)
Dr. Marinda van Niekerk (Pretoria-Oos).

96. Tafelgesprekke en vraetyd

97. Bedanking
Dr. Christiaan Ackermann (Eldoraigne) bedank ds. Jana de Lange en die paneel vir ‘n insiggewende gesprek.

98. Notule
Dr. Dewyk Ungerer stel die notules van die tweede sittingsdag (Maandag, 17 Oktober 2022) en die derde sittingsdag (Dinsdag, 18 Oktober 2022).
Dit word goedgekeur.

99. Reëlings en aankondigings
Ds. Lizl-Louise Schoeman (Monumentpark) is as asessor verkies.

100. Dagsluiting
Prof. Danie Veldsman (Universiteit van Pretoria) lees uit Mark 10: 46-52 en behandel die tema *Somtyds mis ek God*.

101. Aandete

VERLOF
Bronkhorst N, Rustenburg-Bergsig, volle dag
De Kock H, Proteapark, Sessie 12,13
Enslin HA, Limpopo, volle dag
Führi J, Rustenburg-Bergsig, volle dag
Horn HM, Pietersburg, volle dag
Hurn R, Valhalla, volle dag
Oosthuysen L, Pietersburg-Noord, volle dag
Schmidt E, Nylstroom-Oos, volle dag
Stapelberg HJ, Florouna, Sessie 12,13
Strydom SJ, Dalunie, Sessie 11,12
Strauss DJ, Proteapark, Sessie 11,12,13
Vivuri AC, Waterberg, Sessie 12,13
Wessels F, Waterkloof, Sessie 12,13

VYFDE SITTINGSDAG
DONDERDAG 20 OKTOBER 2022

SESSIE 14: GELOOFSVORMING (07:00–10:20)
102. Oggendwyding
Dr Dewyk Ungerer (Raslouw) lees Psalm 85:1-14.
Ds. Lizl-Louise Schoeman neem haar plek by die moderatuurstafel in en sê ‘n paar woorde oor haar verkiesing as assessor.

103. Aankondiginge
Ds. Paul Grobler tref ‘n paar reëlings.
Ds. Danie Ueckermann (Nylstroom-Oos) stel die werksaamhede van die Bybelgenootskap kortliks bekend.
Ds. Surina van der Berg (sameroeper van die luisterspan) gee terugvoer oor sinodegangers se belwenis die afgelope week.

104. Verkiesing: Moderatuur (vervolg) – twee addisionele lede

Die volgende persone word genomineer (alfabeties):
Dr. Christiaan Ackermann (Eldoraigne)
Ds. Hannes Bezuidenhout (Pietersburg-Noord)
Dr. Fanie Cronjé (Lynnwood)
Dr. Bernice Serfontein (Waterkloof)
Ds. Nadine Swanepoel (Waverley)
Dr. Nelius Steyn (Wonderboom)
Ds. Simon van den Heever (Rooihuiskraal)
Ds. Surina van der Berg (Montana)
Ds. Lourens van Deventer (Raslouw)
Ds. Fay van Eeden (Stellastraat)
Dr. Marinda van Niekerk (Pretoria-Oos)
Ds. Wynand van Niekerk (Monumentpark)
Dr. Cobus van Wyngaard (Pretoria)

105. Geloofsvorming

Ds. Wynand van Niekerk (Monumentpark) lei die gesrpek. Hy verwys onder andere na Huisgeloof en Roetemerkers. Hy onderstreep die belangrikehid van hulpmiddels wat beskikbaar is by BybelMedia en DinkJeug. Ds. Surina van der Berg (Montana) beklamtoon die impak van geloofsvorming uit 1 Samuel 3.

106. Mosie 3

Die sinode versoek die SDR om 'n taakspan aan te wys om gemeentes met jeugwerk te help met spesifieke verwysing na informele mentorskap en deurlopende besinning oor hoe om jongmense betrokke te kry en te hou.

Voorsteller: E van Wyk
Sekondant: L Jackson
GOEDGEKEUR

107. Verkiesing: Moderatuur (vervolg)

Dr. Fanie Cronjé (Lynnwood) is verkies as eerste addisionele lid.
Die sinode moet stem tussen die volgende persone (alfabeties).
Dr. Bernice Serfontein (Waterkloof).
Dr. Nelius Steyn (Wonderboom).
Dr. Marinda van Niekerk (Pretoria-Oos).

108. Verkiesing: Moderatuur (vervolg)

Die sinode moet stem tussen die volgende persone:
Dr. Bernice Serfontein (Waterkloof)
Dr. Marinda van Niekerk (Pretoria-Oos)

109. Verkiesing: Moderatuur (vervolg)

Dr. Bernice Serfontein is verkies as tweede addisionele lid.

110. REVISIE Mosie 4

Verwyder punt 4 van die voorstel.

1. Die sinode neem kennis dat die Algemene Taakspan Regte die besluit van die Algemene Sinode 2019 rakende SVG 'n proses besluit is.
2. Die sinode erken dat die uitvoering van die besluit van die Algemene Sinode sekere praktiese uitdagings bied en gee erkenning aan gemeentes en predikante wat hard werk om hierdie uitdagings die hoof te bied.
3. Die sinode verbind hulself om saam met die individue en gemeentes na maniere te soek om mekaar te bly vashou.

4. Die sinode betreur die feit dat daar weer eens oor mense gepraat word en nie met hulle nie.

Voorsteller: A Smal.
Sekondant: J Pretorius.
Revisie word nie toegestaan nie.

111. Studentebediening: Universiteitsoord

Ds. Frits Snyman vertel van die gemeente se werksaamhede. Hy beklemtoon dat studentbediening 'n voortsetting van van dit wat in elke gemeente gedoen word. 'n Gesprek volg waarin al die predikante van die gemeente deel neem: Dr. Arno Meiring, ds. Charlotte Sibanyoni, ds. Anuschka Smit en ds. Frits Snyman.
'n Video oor die jaarlikse Eerstejaarskamp word gewys.

112. SDR-Verslag (vervolg)

6.3.4.2 Finansies
Ds. Paul Grobler verduidelik dat die doel van die sinode se belegging is, om as waarborg te dien vir die kontraktuele ooreenkoms rakende die mediese subsidie van emiriti.

Mosie 5

Die sinode versoek die SDR om 'n taakspan aan te bewys om die finansiële beleid van die sinode te hersien. Daar moet o.a. aandag gegee word aan:
1. Riglyne vir 'n gesonde verdeling van items soos administratiewe- en bedieningsuitgawes in die jaarlikse begroting;
2. Riglyne vir die aanwending van die belegging.

Voorsteller: W van Niekerk
Sekondant: GJ van Wyngaard
GOEDGEKEUR

113. Eerste verslag van die Taakspan Regte

Die taakspan het bestaan uit di. Attie Nel (aktuarius), Christo J van Vuuren (onder-voorsitter) Danie J van Rensburg (skriba) dr. Bernice Serfontein; di. Johan Scholtz; Nicky Hattingh; Corné Randall; adv. Fanie Visser en adv. Leon van der Merwe.
1.1 AANBEVELING: Die sinode neem kennis van die samestelling van die Taakspan Regte.
GOEDGEKEUR

1.2 In uitvoering van bepaling 35.5 het die aktuarius advies gegee oor die uitleg en toepassing van die kerkorde en ander bepalings van die kerk met verslag aan die Taakspan Regte. Die taakspan is deur die SDR aangewys as appèlliggaam van die sinode, en het twee appèlle binne die Noordelike Sinode hanteer en drie appèlle op versoek van ander sinodes.
1.2 AANBEVELING: Die sinode neem kennis van die funksionering van die Taakspan Regte.
GOEDGEKEUR

1.3 Die taakspan was by verskeie tugsake in die Noordelike Sinode betrokke en het een namens 'n ander sinode hanteer. Die Taakspan Regte het diep onder die indruk gekom dat predikante se huwelike onder druk verkeer as gevolg van die COVID-19 pandemie. Die taakspan vermoed dat ander faktore ook hierin 'n rol speel.
1.3 AANBEVELING: Die sinode verwys die kwessie van die druk waaronder predikante se huwelike en gesinne as gevolg van die huidige omstandighede in die land en die wêreld gebuk gaan, na die SDR.
GOEDGEKEUR

1.4 Die Taakspan Regte het verder onder die indruk gekom dat daar by ringe en gemeentes nie altyd duidelikheid is oor die rol van die kerkverband by sake soos veral beroepe, tugaangeleenthede, funksionering van gemeentes en gemeentes se verbintenis aan die kerkorde nie. Ten einde die saak oor beroepe aan te spreek is die bepalings in hierdie verband aangepas in die nuwe voorgestelde bepalings van die Noordelike Sinode.
Met betrekking tot tugaangeleenthede ontstaan daar verwarring oor hoe die kerk sulke sake hanteer en hoe sulke sake in die buite-kerklike omgewing hanteer word. Die grootste verwarring is dat sommige buite-kerklike

interpretasies daarop neerkom dat aangesien daar ‘n kontraktuele werkgewer-werknemer verhouding bestaan, rus die onus op die werkgewer en kan die ring en sinode nie inmeng nie. Hierdie benadering is uiteraard in stryd met die kerkorde. ‘n Kerkorde waaraan elke gelegitimeerde hulleself verbind het by wyse van die legitimasie eed en wat ook deel vorm van die diensooreenkoms waaraan elke predikant en die kerkraad as werkgewer hulleself verbind.
Die funksionering van gemeentes binne die raamwerk van die kerkorde en sinodale besluite skep ook probleme. Ons kerkverband kom tot uitdrukking in die mate waarin ons as individue, predikante, gemeentes en kerkrade hou by dit waartoe ons ooreengekom het en waartoe alle partye verbind is. Die kerk in die breë, maar in hierdie omstandighede die Noordelike Sinode het nodig om tot op voetsoolvlak weer kerkverband te bedink en te bespreek. Kerkverband is die manier waarop ons as familie mekaar vashou.
Ongelukkig het dit nodig geraak dat ons ernstig aandag gee aan hoe Artikel 22 van die *Kerkorde* in die praktyk toegepas kan word ten einde die tot niet gaan en moontlike skeuring in gemeentes te voorkom voor dit te laat is. Hiervoor lê die Taakspan Regte sekere bepalings aan die sinode voor vir oorweging. Tog vertrou ons dat gesprek oor kerkverband daartoe sal bydra dat ons nooit nodig het om Artikel 22 toe te pas nie.

1.4 AANBEVELING: Die sinode neem kennis van enkele brandpunte soos in die opmerkings genoem.
1.4.1 Die sinode dra dit aan die Taakspan Regte op om in die volgende termyn werkswinkels by ringe (nie noodwendig by ringsittings nie) aan te bied ten einde die werkwyse van beroepe en die rol van die kerkverband in tughandelinge te verduidelik en moontlike knelpunte aan te spreek en onsekerhede op te klaar.
1.4.2 Die sinode dra dit aan die SDR op om ‘n taakspan aan te wys om soortgelyke werkswinkels rakende die rol van die kerkverband by ringe of gemeentes aan te bied.
GOEDGEKEUR

114. Koffie.

SESSIE 15 (10:40-13:00).

115. Eerste verslag van die Taakspan Regte (vervolg)

2. Hersiening van Bepalings
2.1 Werkswyse
1. Artikel 35 van die *Kerkorde* (2015) lees soos volg: “Tot die taak van die sinode behoort:
35.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die *Kerkorde* in stryd is nie;”
Die taakspan het deurlopend aandag gegee aan die hersiening van bepalings en reglemente van die Noordelike Sinode. Die wysigings van bepalings word vir goedkeuring aan die sinode voorgelê. Na goedkeuring van die wysigings sal die Taakspan Regte die gewysigde bepalings publiseer as die Aanvullende Bepalings van die Noordelike Sinode, 2022.
2. Die Algemene Sinode 2019 het enkele wysigings aan artikels goedgekeur, maar wesenlike veranderings aan die Reglemente. Wysigings aan die Aanvullende Bepalings van die Noordelike Sinode akkommodeer die wysigings wat deur die Algemene Sinode 2019 goedgekeur is. In Oktober 2023 sal die Algemene Sinode weer wysigings aan die *Kerkorde* goedkeur. Die implikasie daarvan is dat die publikasie van die Noordelike Sinode se kerkorde en aanvullende bepalings en reglemente binne ‘n jaar uit pas is met die *Kerkorde* van die Algemene Sinode.
Hierdie situasie skep verwarring. Sommige kerkrade gebruik die Noordelike Sinode se kerkorde en aanvullende bepalings en reglemente. Hulle verstaan dan nie altyd waarom twee jaar na publikasie sekere dele nie meer geldig is nie. Ander gebruik net die *Kerkorde* van die laaste Algemene Sinode waarmee die unieke karakter van die Noordelike Sinode se werkswyses verlore gaan, en daar dan lang adviese geskryf moet word oor sake wat reeds in die bepalings staan.
In die lig van bogenoemde situasie maak dieTaakspan Regte ‘n voorstel dat die sinode ‘n dunner boekie, “Noordelike Sinode Aanvullende Bepalings,” publiseer. In hierdie dunner boekie sal dan al die artikels waarop die Noordelike Sinode unieke bepalings het, verskyn, plus die bepalings by die betrokke artikels. Die ander Artikels en Reglemente verskyn dan in die *Kerkorde* wat deur die Algemene Sinode gedruk en versprei word.
Tweedens sou so ‘n reëling tot gevolg kan hê dat Taakspan Regte onmiddellik nadat die *Kerkorde* deur die Algemene Sinode goedgekeur is, ons eie aanvullende bepalings kan hersien en redaksionele wysigings aan bring wat ons publikasie in lyn bring met die jongste geldende *Kerkorde.* Hierdie redaksionele wysigings kan deur die SDR goedgekeur word.

2.1 AANBEVELING: Die sinode neem kennis van die problematiek met betrekking tot die tydsverloop tussen die publikasie van die Noordelike Sinode Aanvullende Bepalings en Reglemente en die hersiening van die *Kerkorde* deur die Algemene Sinode.
2.2 Die sinode keur goed dat 'n losstaande publikasie soos voorgestel deur die Taakspan Regte voorberei word. 2.3 Die sinode keur goed dat die Taakspan Regte so gou moontlik na die sitting van die Algemene Sinode die losstaande publikasie hersien en aan die SDR voorlê vir goedkeuring.
GOEDGEKEUR

3. Ten einde dit maklik te maak om die voorgestelde wysigings binne die konteks van die kerkorde te sien, versprei ons 'n dokument waarin die volgende verskyn:
3.1 Die artikels van die *Kerkorde van die Algemene Sinode*, 2019 waarvoor die Noordelike Sinode unieke bepalings het. (In swart gedruk).
3.2 Onder elke Artikel, die unieke bepalings van die Noordelike Sinode, op die volgende wyse:
3.2.1 Geen veranderings – in swart.
3.2.2 Weglatings – in rooi en deurgehaal. Weglatings is wanneer die bestaande deur iets nuuts (pers, kursief) vervang word of wanneer dit wat in die bepalings staan in Reglemente van die Algemene Sinode gedek word en dus herhalings is.
3.2.3 Nuwe invoegings – in pers en kursief.
In die Bylaag: Noordelike Sinode Aanvullende Bepalings is 'n voorbeeld van hoe die losstaande publikasie sal lyk. Hierdie voorbeeld is nie finaal nie en sal eers na die sinodesitting gefinaliseer word.

3.1 Die sinode neem kennis van die werkswyse met betrekking tot die hersiening van die Aanvullende bepalings van die Noordelike Sinode. 3.2 Die sinode neem die tweede verslag van Sinodale Taakspan Regte in behandeling waarin voorstelle wat vooraf ontvang is, bygewerk is met die oog op die goedkeuring van die Noordelike Sinode Aanvullende Bepalings en Reglemente. Neem kennis.

116. Taakspan: Ondersoek na 'n Kerkeie Teologiese Fakulteit

Die SDR het reeds die verslag afgehandel. Dr Dewyk Ungerer stel die volgende mosie:

Mosie 6

1. Die SDR het die verslag hanteer en deurgestuur na die Algemene Kuratorium.
2. Die Noordelike Sinode gee erkenning dat dit tans goed gaan met die akademiese en kerkeie opleiding.
3. Die Noordelike Sinode versoek die Algemene Kuratorium om pro-aktief te beplan vir moontlike scenario's waar kerkeie opleiding nie tot sy reg kan kom by die huidige Teologiese fakulteite nie.

Voorsteller: PJ Grobler
Sekondant: R Rheeder
GOEDGEKEUR

117. Leierskap in 'n tyd soos hierdie.

Ds. Christoph Müller (Groenkloof) stel dr. Theuns Eloff (konsultant) aan die woord.
Tafelgesprekke en vrae.
Ds. Riaan Odendaal (Waterberg) bedank dr. Theuns Eloff vir die aanbieding.

118. Bene rek.

119. Taakspan Regte (vervolg)

Ds. Attie Nel stel inhoudelike veranderinge aan die Kerkorde van die Noordelike-Sinode voor.
Die volgende word uitgelig:
Bepaling 8 – Beroeping en bevestiging van leraars. Die inhoud is uitgebrei.
Artikel 22 – Wanneer 'n kerkraad minder is as 10 lede, is die kerkraad volgens ons reglemente nie wettig nie.
Die Taakspan Regte stel hiermee 'n prosedure voor vir die hantering van so 'n situasie, asook om wanbestuur en disfunksionele kerkrade te hanteer.

Die voorsitter, dr. Dewyk Ungerer, stel die hele korpus van veranderinge aan die kerkorde met onmiddellike in werking treding, aan die vergadering. GOEDGEKEUR.

120. Herderlike brief

Dr James Kirkpatrick het ter samevatting van die sinodesitting die leiding geneem in die opstel van 'n herdelike brief aan gemeentes.

Liewe broer en suster,

Ons het as die verteenwoordigers van meer as honderd gemeentes van Noordelike Sinode vanaf 16 Oktober tot 20 Oktober by Modimolle byeengekom om te fokus op wat ons dink die Here van ons in hierdie tyd vra. Ons het dit gedoen onder die tema "Wysheid in 'n tyd soos hierdie." Wat 'n ervaring was dit nie! Ons is 'n uiteenlopende klomp mense wat oor baie dinge verskil, maar ons het 'n diep verbondenheid aan mekaar ervaar. Daar is veel meer waarin ons dit met mekaar eens is as dit waaroor ons verskil. Ons het regtig 'n behoefte om iets daarvan met die gemeentes wat ons verteenwoordig, te deel. Ons glo dat elke gemeente in eie konteks kerk is en moet wees, maar ons moet met julle die inspirerende wyehoeklens-ervaring deel. Ons het geluister na stemme in die Bybel en ook stemme uit die samelewing. Ons wou mekaar inspireer om die lied van die Here in hierdie land te sing. Dit is onmoontlik om selfs net 'n kort opsomming van die ryke geskakeerdheid van ons gesprekke hier weer te gee. Vanuit hierdie vergadering is daar blywende indrukke wat ons optrede vorentoe gaan bepaal. Ons saam dink, bid en praat het ons gehelp om die belangrikheid van etiese leierskap in die samelewing en die kerk se unieke rol daarin opnuut te verstaan.

Die politieke en ekonomiese landskap is uitdagend en in baie opsigte 'n bedreiging vir die mense van die land. Ons gaan ons nie daardeur laat verlam nie. Hier is talle verhale vertel van gemeentes wat met eenvoudige projekte op plaaslike vlak letterlik 'n wêreldse verskil maak. Daar is steeds tekens van hoop en die kerk moet die draer daarvan bly. Die kerk se kritiese stem teen onreg is nie altyd duidelik hoorbaar nie en ons moet leer hoe om beter te kommunikeer oor wat die kerk daaraan doen.

In verskeie gesprekke is ons gekonfronteer met die swak beeld van die NG kerk. Aan die eenkant neem ons kennis van die enorme werk wat die kerk in die samelewing doen, maar aan die ander kant is dit duidelik dat die spanning in die kerk oor selfdegeslagverhoudings 'n baie negatiewe beeld skep wat dikwels die goeie werk oorskadu. Ons het besluit om mekaar in hierdie tyd van diepgaande verskille vas te hou en te help. Ons verbintenis aan mekaar is heg en ons gaan met woord en daad mekaar help om op te staan na die krisis waarin die Covid-pandemie ons gedompel het.

Ons word in al ons planne en keuses gerig deur 'n verantwoordelike omgang met die Bybel. Dit het ons baie gehelp om net weer terug te loop op ons spoor om raak te sien hoe die NG Kerk telkens in moeilike tye sy koers vanuit die Bybel gevind het.
Die Sinode se vergadering is verby en daar lê werk en wag. Baie van die planne vir die volgende vier jaar moet gemaak en gestuur word deur die Sinodale Diensraad. Ons maak staat daarop dat hulle ons bymekaar gaan hou en dat ons saam in gehoorsaamheid aan die Here 'n verskil sal maak en hoop in ons gemeenskappe sal kan bring.

Ons het ook met mekaar ooreengekom dat ons al die besluite wat implikasies vir gemeentes het, sal deurgee en uitvoer. Ons gaan huis toe na verskillende kontekste, uitdagings en geleenthede. Ons maak nie daarop staat dat ons antwoorde vir al die probleme het nie. Ons troos lê daarin dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan Jesus Christus, die Here. Dit maak ons vasberade om met wysheid te gaan lewe in 'n tyd soos hierdie.

Die vergadering keur die brief goed. Die Sinodehuis sal dit aan gemeentes beskikbaar stel.

121. Aanwysing van die Sinodale Diensraad (SDR) vir die termyn 2022-26

Die voorsitter dr. Dewyk Ungerer stel die lys van genomineerdes van elke ring aan die vergadering.

Daspoort: Predikant (Prim) R Kruidenier; (sek) - / Kerkraadslid (prim) B Fenn; (sek) – .
Derdepoort: Predikant (Prim) KE Albrecht; (sek) J Laas / Kerkraadslid (prim) J Erasmus; (sek) W Kritzinger.
Krokodilrivier: Predikant (Prim) GJ Hattingh; (sek) T Oosthuizen / Kerkraadslid (prim) P Brynard; (sek) -.
Louis Trichardt: Predikant (Prim) PJ Kriel; (sek) J Pretorius / Kerkraadslid (prim) AJ Smal; (sek) P Vermaak.
Midde-Afrika: Predikant (Prim) B J v Rensburg; (sek) W Schoeman / Kerkraadslid (prim) D Odendaal; (sek) R van Eeden.
Northam: Predikant (Prim) MJ Benadé; (sek) RK van Wyk / Kerkraadslid (prim) HA Schreuder; (sek) R Saaijman.
Pietersburg: Predikant (Prim) JM Bezuidenhout; (sek) D Groenewald / Kerkraadslid (prim) P van der Merwe; (sek) H Lerm.
Pietpotgietersrus: Predikant (Prim) LJ Pretorius; (sek) - / Kerkraadslid (prim) D Kotze; (sek) -.
Pretoria-Noord: Predikant (Prim) H Stapelberg; (sek) - / Kerkraadslid (prim) V Geldenhuys; (sek) -.
Pretoria-Oos: Predikant (Prim) GJ van Wyngaard; (sek) W van Niekerk / Kerkraadslid (prim) F Wessels; (sek) W van Heerden.
Rustenburg: Predikant (Prim) WA Pretorius; (sek) - / Kerkraadslid (prim) H de Kock; (sek) -.
Sentraalmoot: Predikant (Prim) H Wiegand; (sek) - / Kerkraadslid (prim) F Smith; (sek) T Venter.
Sesmylspruit: Predikant (Prim) R Wassermann; (sek) JJG Bester / Kerkraadslid (prim) S de Klerk; (sek) R Kriel.

Suidoos-Pretoria: Predikant (Prim) FJ Snyman; (sek) F van Eeden / Kerkraadslid (prim) A Smuts; (sek) O Diedericks.
Waterberg: Predikant (Prim) DJK Uckermann; (sek) FA de Beer / Kerkraadslid (prim) J Radford; (sek) L Muller.
Wonderboom: Predikant (Prim) LAS Lemmer; (sek) - / Kerkraadslid (prim) L van Dyk; (sek) -.
GOEDGEKEUR.

122. Laaste praktiese reëlings

123. Bedankings

Die moderator dr. Dewyk Ungerer spreek sy dank uit aan al die sinodegangers en funksionarisse, Weesgerus vakansieoord, die Sinodehuis, ds Paul Grobler (direkteur), ds Rehan Rheeder (saakgelastigde), die vorige moderatuur, die assesor (dr James Kirkpatrick), die aktuarius (ds Attie Nel) en uitstallers.
Die nuwe assesor, ds. Lizl-Louise Schoeman bedank die voorsitter vir sy leiding.

124. Afsluiting

Dr. Fanie Cronjé sluit die tema, "Wysheid in 'n tyd soos hierdie," af met 'n kort liturgie waar tydens hy uit Numeri 6:22-27 lees. Hy fokus veral op vrede en beklemtoon die volgende frase: "Die Here seën ons in ons reis deur die wildernis."

VERLOF

Bronkhorst N, Rustenburg-Bergsig, volle dag
De Kock H, Proteapark, volle dag
De la Rey E, Pierneef, volle dag
Du Plooy F, Florouna, volle dag
Enslin HA, Limpopo, volle dag
Führi J, Rustenburg-Bergsig, volle dag
Grobler P, Pierneef, volle dag
Helm WE, Blouberg, volle dag
Hurn R, Valhalla, volle dag
Kotze HP, Rustenburg, volle dag
Lemmer LAS, Magalieskruin, volle dag
Mitchell F, Rustenburg, volle dag
Mzyece M, DRC Lusaka, vanaf 12:45
Potgieter JH, Waterberg, volle dag
Pretorius LJ, Naboomspruit, volle dag
Rothmann WJ, Overkruin, volle dag
Schoeman WD, DRC Lusaka, vanaf 12:45
Stapelberg HJ, Florouna, volle dag
Strauss DJ, Proteapark, volle dag
Wessels F, Waterkloof, volle dag
Zulu M, DRC Lusaka, vanaf 12:45

DIE SINODE VERDAAG OM 13:00.